# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 10

## NOVEMBER-EKSAMEN

## Vraestel 2

**Punte: 70** **Tyd: 1 ½ Uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

   **AFDELING A: Kortverhale [60]**
   **AFDELING B: Literêre Aspekte [10]**

2. **Beantwoord AL die vrae.**

3. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**

7. **Skryf netjies en leesbaar.**

## AFDELING A: KORTVERHALE

**VRAAG 1: 'n Pa vir Saterdag [Christo Davids]**

Lees die onderstaande uittreksels deur en beantwoord die vrae.

> *"En Tino het die bal," blêr die kommentator se stem oor die luidsprekers. "Hy hardloop doellyn se kant toe. Al wat sy teenstanders te siene kry is hierdie jong man se hakskene – en hy gaan vir die derde agtereenvolgende keer die bal agter die doellyn ter ruste lê! Die skare gaan mal soos met Provice op Nuweland!" Almal is op hulle voete toe Tino stadig terughardloop van die doellyn af. Hy glimlag breed en wuif met sy wysvinger in die lug. Sy triomfantlike spanmaats omhels hom uitgelate. In die skare hoor hy 'n stem wat skreeu: "Dis my laaitie daardie!" Die man agter die stem lig al twee sy duime op vir Tino wat oorloop van trots.*

1.1 Waarom is die eerste gedeelte van die verhaal kursief gedruk? [1]

1.2 "Die man agter die stem lig al twee sy duime op...."

Wie is híerdie man waaroor Tino droom? [1]

1.3 Met watter bekende rugbyveld vergelyk Tino die veld in sy dagdroom? [1]

1.4 Wat doen Tino se spanmaats in sy dagdroom wat bewys dat hul trots op hom is? Haal 3 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Wie se stem ruk hom uit sy dagdroom?

A. Die coach
B. Een van sy spanmaats
C. Sy ma
D. Martin [1]

> Die wit mure rondom hom laat dit voel asof hy vir ewig hardloop na die kleedkamer aan die einde van die gang. "Groenheuwel, YES! Groenheuwel,YES!" hoor hy sy spanmaats toe hy die vertrek binnekom.
> "Tino, hoe gaaf van jou om by ons aan te sluit."
> "Jammer, Coach, ek was net gou besig om..."
> Sy woorde droog op.

1.6 Skryf 4 opeenvolgende woorde uit die uittreksel neer wat wys dat die afrigter sarkasties kan wees. [1]

1.7 Wat was Tino se span se naam? [1]

1.8 Watter aankondiging maak die afrigter ná die wedstryd? Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

1.9 In watter dilemma bevind Tino homself? [1]

1.10 Watter belofte maak sy afrigter aan hom as hy homself daardie week by die oefening bewys? [1]

1.11 Wat was Tino se eerste leuen ná die wedstryd? [1]

> Tino skop 'n leë koeldrankblikkie uit die pad terwyl hy van die rugbyveld af huis toe stap. As hy net aan 'n manier kan dink om hom by die wedstryd te kry, dink hy terwyl die blik met 'n leë klatergeluid wegspat.
> Van 'n afstand sien hy die ouer seuns op die hoek.

1.12 Wat het Tino gedoen sodat Jerome en sy vriende kan dink dat hy daardie dag rugby gespeel het?
Noem EEN ding. [1]

1.13 Noem een leuen wat Tino ná die wedstryd vir Jerome vertel het. [1]

1.14 Watter advies het Jerome aan Tino gegee oor Tino se toekoms? [1]

1.15 Watter guns het Tino later in die verhaal vir Jerome gevra? [1]

> "Ek is by die huis." Sy stem hardloop deur die vertrekke in die huis. Sy verskyn met haar verpleegsteruniform in die kamerdeur. "Hallo, Tino. Trek uit daardie vuil klere en gooi dit in die wasgoedmandjie. Binne-in, nie langsaan nie." Sy verdwyn weer terug in haar kamer. "So, hoe was die wedstryd?"

1.16 Wat is Tino se ma se beroep? [1]

1.17 Hoekom vra Tino nie meer vir sy ma vrae oor sy pa nie? [1]

1.18 Tino het deur die loop van die verhaal baie leuens vertel.
Waar/wanneer besluit hy dat hy die waarheid gaan vertel? [1]

1.19 Watter belofte maak Tino aan homself wat aandui dat hy nou wys raak oor die tipe pa wat hy eendag wil wees? [1]

1.20 Plaas die volgende sinne in die korrekte volgorde volgens die kortverhaal. Skryf die sinne oor.

- Tino lieg vir Martin oor sy pa.
- Tino word by die spanpraatjie gespot.
- Meneer Adonis raas met Martin.
- Tino besef hy moet die waarheid vertel. [4]

**[23]**

**<u>VRAAG 2 : Aspoestertjie en die drie bere [Nelia Engelbrecht]</u>**

Lees deur die uittreksels en beantwoord al die vrae.

| |
|---|
| Vanoggend, toe Triz bel om te sê daar's sowaar drie van hulle, het ek haar nie geglo nie, maar nou sien ek self: Dis rêrig waar.<br>"Skuif op, ek wil ook sien," sê Vanessa en wurm haarself tussen my en Triz in. Dis die Desembervakansie en ons staan op die balkon voor Triz se kamer en kyk af na hulle nuwe bure. |

2.1 Na wie verwys die " drie van hulle"? Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

2.2 Watter WOORD in die uittreksel sê vir ons dat hierdie verhaal in die somer gebeur? [1]

2.3 Hoekom was Triz die eerste een van die vriendinne om die broers te sien? [1]

2.4.1 Wie is Rosy? [1]

2.4.2 Waarom vra die meisies vir Rosy wat die seuns se name is? [1]

2.4.3 Waarom weet Rosy ook alles van Corli en haar vriendinne af? [1]

| |
|---|
| "Rosy sê die ouens gaan volgende jaar ook Noordkop Hoër toe," sê Triz vinnig. Sy keer altyd as ek en Vanessa mekaar aanvat.<br>Ek zoem weer in op die ouens langsaan. Die drie is besig om uit die swembad te klim. |

2.5 Wat is die naam van die vriendinne se skool? [1]

2.6 Hoe maak Corli 'n gek van haarself toe hulle die ouens gaan ontmoet? [1]

| |
|---|
| Die volgende dag staan ek weer op Triz se balkon en kyk na die De Beers se agterplaas. Daar is geen teken van die broers nie. Dalk is my bikini in die aantrekkamertjie langs die patio. En dalk is dit nie gesluit nie. Ek gaan net gou loer. |

2.7.1 Hoekom gaan Corli na die De Beers se aantrekkamer toe? [1]

2.7.2 Waarom is die bikini so waardevol vir Corli? [1]

2.7.3 Wat doen Corli in die aantrekkamer wat Gouelokkies ook gedoen het? [1]

| |
|---|
| Daardie Vrydagaand stotter Karlientjie, my ma se kar wat saam met Noag uit die ark gekom het, toe ons voor die restaurant stilhou. |

2.8.1 Wat doen Corli om ekstra geld te verdien? [1]

2.8.2 Wat doen Corli se ma om ekstra geld te verdien? [1]

2.9 Wat het van Corli se pa geword? [1]

2.10 Kies die regte woord uit die volgende blok om die paragraaf te voltooi.
Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **vriendin** | **hospitaal** | **kougom** | **prokureursfirma** |
| **Vanessa** | **gom** | **vyand** | |

Corli se ma werk by 'n [2.10.1]...... Daardie aand kom eet die vriendinne se grootste [2.10.2]......, Kristen saam met Gareth by die restaurant. Op laerskool het sy vir Triz geboelie en Vanessa het [2.10.3].....in haar hare gedruk. [3]

2.11 Kristen kritiseer die diens wat Corli by die restaurant lewer. Watter klagte het het sy oor die vleis gehad? [1]

2.12 Wie in die storie is die volgende fantasiekarakters? Gee hulle name.

2.12.1 Aspoestertjie. [1]

2.12.2 Die een beer van die drie bere. [1]

2.13 Kies die karakter uit KOLOM A wat die beste by die beskrywing in KOLOM B pas. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.13.1 Gareth | A. Woon nie in Glenhaven nie. |
| 2.13.2 Triz | B. Hou baie van bak. |
| 2.13.3 Graham | C. Die ou karretjie se naam. |
| 2.13.4 Corli | D. Die arrogantste van die De Beer broers. |
| | E. Bring ure in die gimnasium deur. |

[4]
**[24]**

**<u>VRAAG 3: GULSIGE HARRY – Jack Byrne</u>**

Lees die volgende uittreksels en beantwoord al die vrae.

> Harry Black trek sy das reg, skiet sy sigaret weg en vee sy hare met spoeg plat voordat hy die deurklokkie lui. Sy rewolwer lê swaar in sy jas se sak, maar hy gee nie om nie.
>
> Toe is sy by die deur en is dit tyd om te glimlag.

3.1 Haal 9 opeenvolgende woorde uit die uittreksel aan wat bewys dat Harry gewapen was. [1]

3.2 Muriel het geen reisplanne vir die volgende dag gehad nie.

Motiveer waarom bogenoemde stelling ONWAAR is. [1]

3.3 Wat is Harry se grootste begeerte? [1]

3.4 Kies die korrekte woord. Skryf net die nommer en die letter neer.

Harry was gewapen omdat hy

A. homself teen skelms wou beskerm.
B. en Muriel baklei het en hy haar wou doodskiet.
C. baie geld in sy sak gehad het.
D. Muriel wou beroof. [1]

| |
|---|
| Muriel, weduwee van Hugh Livingstone, besit meer as 500 000 dollar. Dis jou wel nie 'n fortuin nie, maar genoeg om Harry se aptyt te prikkel. Nie te ryk nie. Nie te mooi nie en miskien nie te versigtig met wie sy uitgaan nie. |

3.5 Haal EEN woord uit die uittreksel aan wat daarop dui dat Muriel se man dood is. [1]

3.6. Wat was Muriel se voorliefde? [1]

3.7 Noem 2 tipe paddas wat Muriel aangehou het. [2]

3.8 Kies uit Kolom B die inligting wat by KOLOM A pas. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.8.1 Blyplek van Muriel se paddas | A. Navorsing in Suid-Amerika gedoen |
| 3.8.2 Wetenskaplike | B. Die lewende paddas sal uitgelos word |
| 3.8.3 Pylpaddas | C. Muriel sit met 'n simpel glimlag |
| 3.8.4 Harry se voorstel | D. Versierde akwariums |
| | E. Giftige gekleurde paddas |

[4]

3.9 Noem een van die simptome van vergiftiging wat Harry gehad het. [1]

**[13]**

**TOTAAL VAN AFDELING A: 60**

**AFDELING B: Literêre Aspekte**

Gebruik die volgende gedigte om die vrae te beantwoord.

**<u>Monstermoles - Albi Prinsloo</u>**

Sproetgesig kleine Faan
met sy Batman-klere aan
voel alte selfvoldaan:
al die monsters wat saans skuil
onder sy bed en hom laat huil
gaan hy met sy swaard verslaan!

Met ‘n boem bam doef daf
draf hy gou dié skurke kaf.
Maar o aarde, keer!
Kyk nou wat het gebeur:
Faan het sy toon beseer
en sy matras is verrinneweer.

Voor jy tot tien kan tel
het sproetgesig klein Faan
‘n slimme plan beraam:
hy moet net gou vir Pappa bel
(op sy nuwe tjoklit-sel)
voor Kleinsus eerste vir Mamma vertel!

1. Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? [1]

2.1 Hoeveel versreëls is daar in elke strofe? [1]

2.2 Wat noem ons so ‘n strofe? [1]

3. Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 3? [1]

4. Haal ‘n voorbeeld van alliterasie in strofe 1 aan. [1]

5. Wat noem ons die leesteken aan die einde van strofe 1? [1]

6. Watter beeldspraak kom in versreël 7 voor? [1]

7. Waarom is versreël 17 se woorde tussen hakies? [1]

8. Skryf die assonansie in versreël 6 neer. [1]

9. Wat noem ons die rymskema wat in hierdie gedig voorkom. [1]

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

**GROOTTOTAAL: [70]**